

# 2025 FISCAL REFORMS DISCUSSION



Afrikaans

## UITVOERENDE OPSOMMING

**M**akro-ekonomiese stabiliteit is 'n noodsaaklike voorwaarde vir volhoubare ekonomiese ontwikkeling, maar Suid-Afrika staar aanhoudende fiskale wanbalanse tussen belastinginkomste en regeringsbesteding, in die gesig. Dit het skuld wat vinnig styg tot gevolg gehad, wat van onder 24 persent van die BBP in 2009 tot 74 persent in 2024, opgewel het. Skuldedienskoste het oor daardie tydperk van 9 persent tot 21 persent van belastinginkomste gegroei, wat die fiskale ruimte vir noodsaaklike staatsdienste verminder het.

Die afname van gemiddelde jaarlikse groei is 'n belangrike aandrywer van dié uitkomstes, maar die volharding van dié wanbalanse en die stygende skuld het die risiko's vir

ekonomiese stabiliteit oor die langtermyn, verhoog. Verhoogde afhanklikheid op binnelandse finansiële instansies om die aangaan van staatslenings te befonds, verminder lenery aan die privaatsektor. Herhaalde pogings om skuld te stabiliseer is deur vertragings in fiskale aansuiwerings ondermyn, wat hoër rentekoerse en afnemende groei tot gevolg het. Hoë skuldvlake sal, sonder ingryping, ekonomiese groei begrens, belegging afkeer en steeds leningskoste verhoog.

Die regering oorweeg, in dié konteks, of 'n formele fiskale anker daartoe kan bydra om Suid-Afrika terug te bring na 'n meer volhoubare fiskale baan. Fiskale ankers is internasional gebruik om oormatige lening te beperk en staatsektoordotreffendheid te verbeter. 'n Anker wat goed ontwikkel is kan fiskale geloofwaardigheid vergroot, begrotingsdissipline versterk en beleggersvertroue bevorder wat uiteindelik ekonomiese groei en stabiliteit ondersteun.

Fiskale ankers is hulpbronne wat soms in Fiskale Verantwoordelikheidswette (FV'e) vervat word, waarvan daar drie hoof tipes is:

- FV'e wat 'n stel beginsels of standarde vir fiskale beleid omskryf, wat regerings moet nakom (Tipe I).
- FV'e wat uit prosedurele reëls bestaan wat beheer hoe fiskale beleid uitgevoer word en wat 'n stel prosedures, formele prosesse en verslagdoeningsvereistes betreffende fiskale beleid omskryf (Tipe II); en
- FV'e wat vaste numeriese teikens en perke vir belangrike fiskale beleidsuitkomstes soos die tekort, die vlak van skuld of die groeikoers van besteding, ens. bevat.

Suid-Afrika se Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wetnr. 1 van 1999 — "WOFB") en Wet op Geldwetsontwerpe en Verwante Aangeleenthede, 2009 (Wetnr. 9 van 2009 — "WGVA") is FV'e wat meestal Tipe II-taksonomie nakom. Dié wette sit prosedures en verslagdoeningsvereistes uiteen vir die goedkeuring van begrotings en die ontwikkeling van fiskale



**national treasury**  
Department:  
National Treasury  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**



beleid. Die formele argitektuur van die anker kan een van twee vorms aanneem, indien bogenoemde met 'n formele fiskale anker versterk sou word:

- 'n Numeriese fiskale reël:**

Dié benadering sou bindende beperkings op skuldvlakke of begrotingstekorte, bekendstel. 'n Skuldperk sou, byvoorbeeld, die aangaan van staatslenings op 'n voorafbepaalde vlak met betrekking tot die BBP beperk, terwyl 'n tekortreël die jaarlikse aangaan van staatslenings sou beperk. Dié maatreëls sou beleidsvoorspelbaarheid versterk, oormatige besteding beperk en 'n reeks belanghebbendes gerusstel.

Numeriese reëls kan egter rigiedheid bekendstel, wat duidelik gedefinieerde voorbehoudsklousules vir ekonomiese daling of noodgevalle vereis. Dit kan ook aansporings vir toekomstige regerings skep om deel te neem aan "kreatiewe rekeningkunde" om die voorkoms van nakoming te bereik terwyl die essensie vermy word.

- Parlementêre proceduremodel:**

Dié benadering sou nie op voorafbepaalde vaste fiskale teikens of perke staatmaak nie. Dit sou eerder fiskale volhoubaarheidsbeginsels in die proses van die tertafellegging van en stemming oor begrotings integreer. Daar mag, byvoorbeeld, van elke administrasie verwag word om 'n mediumtermyn fiskale plan voor te lê wat nakoming met 'n stel voorafbepaalde volhoubaarheidstandaarde demonstreer. Die administrasie se fiskale plan sou, sodra dit goedgekeur is, gebruik word as 'n standaard waarteen sy eie toekomstige begrotings gemeet sou word, wat meer verantwoordbaarheid en toesig verseker.

'n Fiskale anker wat goed ontwerp is moet die regte verhouding tussen dissipline en buigsaamheid vind en verseker dat fiskale

beleide volhoubaar bly terwyl die nodige aansuiwerings ter reaksie op ekonomiese fluktuasies toegelaat word. Die ontwerp van 'n toekomstige fiskale anker — hetsy dit vaste numeriese teikens of perke bevat, of 'n formele rol vir fiskale standaarde en beleide in die ontwerp en implementering van fiskale beleid uiteensit — sou sommige belangrike oorwegings moet aanspreek. Dit sluit in:

- Om volhoubaarheid te verseker:**

Die fiskale anker moet ontwerp word om te verseker dat skuldvlakke mettertyd beheerbaar bly.

- Om buigsaamheid en dissipline te balanseer:**

Fiskale reëls moet, terwyl hulle stabiliteit verskaf, vergunning vir die nodige aansuiwerings tydens ekonomiese afdaling maak.

- Institusionele versterking:**

Die versterking van institusionele liggame soos 'n fiskale raad kan nakoming en geloofwaardigheid bevorder.

- Openbare deursigtigheid:**

Duidelike verslagdoeningsvereistes sou vertroue bou en ingeligte debattering oor fiskale beleide vergemaklik.

Dié besprekingsdokument poog om by te dra tot die debat oor die mees gepaste fiskale anker vir Suid-Afrika om te verseker dat toekomstige administrasies en generasies nie deur die voorgangers en voorsate se onvolhoubare fiskale verpligtinge belas word nie. Die regering sal steeds belanghebbendes betrek om die fiskale raamwerk te verfyn met moontlike wetgewende maatreëls wat in die komende jare oorweeg moet word.

